GRONDWET VAN DIE VERENIGING VAN
REGSLUI VIR AFRIKAANS

1. **NAAM**

Die naam van die Vereniging is : DIE VERENIGING VAN REGSLUI VIR AFRIKAANS hieronder na verwys as "die VRA".

Die VRA is deur die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomstedienste kragtens artikel 10(1)(d)(iv)(dd) van die Inkomstebelastingwet, No 58 van 1962, goedgekeur as 'n organisasie wat van inkomstebelasting vrygestel is.

2. **DOELSTELLINGS**

2.1 Die VRA stel hom ten doel om –

2.1.1 Afrikaans in die algemeen as amptelike taal en in die besonder as regstaal te bevorder en uit te bou asook om meertaligheid te bevorder;

2.1.2 Afrikaans as hoftaal en taal vir die beslegting van geskille te bevorder;

2.1.3 Die publikasie van Afrikaans regsliteratuur te bevorder en te fasiliteer en om die vertaling van regsliteratuur in Afrikaans aan te moedig en te bevorder;

2.1.4 Afrikaans aan universiteite en ander opleidingsinstansies as taal van onderrig te bevorder;

2.1.5 Regsonderrig en -opleiding in Afrikaans met Afrikaanse lesingmateriaal te bevorder;

2.1.6 Die gebruik van Afrikaans by regseminare, byeenkomste en vergaderings te bevorder;

2.1.7 Regsbystand te verleen, in die besonder in omstandighede waar Afrikaanse taalregte of dergeliks regte van die Afrikaanse gemeenskap en lede daarvan in die gedrang is;

2.1.8 Na goeie oordeel met instellings en verenigings wat Afrikaans as taal erken en daadwerklik respekteer en bevorder, saam te werk;

2.1.9 Tolkdienste na en vanuit Afrikaans te ondersteun en uit te bou;

2.1.10 Personeelbeleid en -praktyk in die algemeen en in die besonder in die regspleging te bevorder wat streeks- en plaaslike taaldemografie, met spesifieke verwysing na in ag neem;

2.1.11 Tot voordeel van die lede van die VRA en van Afrikaanse regslui in die breë op te tree;

2.1.12 Te werk vir die gelyke erkenning en akkommodering van die regsbelange van die Afrikaanse gemeenskap; en

2.1.13 Om in die algemeen sodanige handelinge uit te voer as wat volgens die VRA nodig is om sy doelstellings te bevorder.

2.2 Die VRA beoefen sy aktiwiteite in die Republiek van Suid-Afrika op 'n nie-winsgewende grondslag en op 'n wyse wat

nie die ekonomiese eie-belang van enige persoon sal bevorder nie.

2.3 Die VRA se hulpbronne, fondse en aktiwiteite moet ter bevordering van sy doelstellings en nie ter ondersteuning van enige politieke party aangewend word.

2.4 Enige bates van die VRA moet tydens ontbinding aan 'n soortgelyke organisasie met dieselfde doelstellings oorgedra word.

3. LIDMAATSKAP

Lede

3.1 Die volgende kategorieë van persone, wat die doelstellings van die VRA onderskryf, kwalifiseer vir lidmaatskap van die VRA en kan as lede by die VRA aansluit:

3.1.1 Individuele regsgekwalifiseerde persone, wat in die regsprofessie of regsakademie of in 'n regs-hoedanigheid werksaam is,

3.1.2 Prokureursklerke, pupille, regsassistente en bona fide regstudente.

3.1.3 Prokureursfirmas of ingelyfde regsmaatskappy.

Genote

3.2 Persone en/of organisasies wat nie as lede kwalifiseer nie maar die doelstelling van die VRA onderskryf en wil bydra

tot die bevordering daarvan kan as Genote van die Vereniging van Regslui vir Afrikaans met die VRA assosieer.

3.3 **Weiering of beëindiging van lidmaatskap**

Die Bestuur het die bevoegdheid om enigeen, hetsy 'n individu of 'n firma lidmaatskap van die VRA te weier of te beëindig indien daar grondige rede vir die verdenking bestaan dat so 'n individu of firma nie die doelstellings van die VRA onderskryf nie of die bedrywighede van die VRA mag ontwrig of tot die nadeel van die VRA wil optree. Alle gevalle van weiering en/of kansellasie van lidmaatskap deur die Bestuur word by die eersvolgende jaarvergadering van die VRA met opgaaf van redes bekend gemaak.

3.4 **Erelede**

3.4.1 Die Bestuur kan erelede van die VRA benoem.

3.4.2 Erelede kom uit die geledere van regslui wat hulle onderskei het in die regspraktyk of regsakademie, wat 'n besondere bydrae gelewer het ter bevordering van Afrikaans as regstaal en wat die doelstelling van die VRA ondersteun. Enige lid van die VRA kan 'n geskikte persoon as erelid nomineer.

3.4.3 In buitegewone gevalle kan die Bestuur ook nie-regslui, wat 'n besondere bydrae tot Afrikaanse in die regspleging en/of tot die VRA gelewer het, benoem.

4. **LIDMAATSKAPSFOOIE**

4.1 ‘n Jaarlikse lidmaatskapfooi, soos van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal, is deur elke lid van die VRA betaalbaar

4.2 Verskillende lidmaatskapfooie kan vir die verskillende kategorieë lidmaatskappe van die VRA deur die Bestuur bepaal word.

4.3 Kandidaatprokureurs, pupille, voltydse regsstudente, medestanders en erelede van die VRA betaal geen fooie nie.

4 A **VRA JEUG**

4A.1 Die VRA-Jeug is ? belangegroep vir VRA-jeuglede wat onderhewig aan hierdie Grondwet en die toesig en beheer van die VRA-Bestuur, ooreenkomstig 'n eie reglement bestuur word en funksioneer soos wat die VRA-Jeuglede van tyd tot tyd bepaal;

4A.2 Die Voorsitter van die VRA-Jeug, of ? verteenwoordiger deur die VRA-Jeugbestuur aangewys, dien ex officio op die bestuur van die VRA, nieteenstaande die bepalings van klousule 3 van hierdie grondwet.

4A.3 'n VRA-Jeuglid is enige VRA-lid van 30 jaar en jonger, soos omskryf in die reglemente van die VRA-Jeug, en wat andersins aan al die vereistes van VRA lidmaatskap voldoen,

en die grondslag en doelstellings van die VRA ten volle onderskryf;

4A.4 Die VRA-Jeug se jaarlikse of tussentydse begroting word van tyd tot tyd, soos benodig, deur die VRA-Bestuur oorweeg;

4A.5 Die VRA Bestuur kan enige jaarlikse of tussentydse begroting van die VRA-Jeug met of sonder wysigings goedgekeur, terugverwys vir heroorweging deur die VRA-Jeug, of afkeur.

4 B **VRA-STREEK**

4B.1 'n VRA-Streek is ? belangegroep vir VRA-Streeklede wat onderhewig aan hierdie Grondwet en die toesig en beheer van die VRA Bestuur, ooreenkomstig 'n eie reglement bestuur word en funksioneer soos wat die VRA-Streeklede van tyd tot tyd bepaal.

4B.2 'n VRA-Streeklid is enige VRA-lid wat binne 'n omskrewe geografiese omgewing praktiseer of werksaam is, en wat andersins aan al die vereistes van VRA lidmaatskap voldoen, en die grondslag en doelstellings van die VRA ten volle onderskryf, en wat die reglement van die betrokke Streek onderskryf.

4B.3 Tien of meer lede wat binne 'n omskryfbare geografiese omgewing praktiseer of werksaam is, kan by die VRA Bestuur aansoek doen om as 'n VRA-Streek erken te word en 'n eie Streekskomitee ooreenkomstig die betrokke streek se reglement saam te stel.

4B.4 Die VRA Bestuur kan enige versoek om erkenning van 'n VRA-Streek met of sonder wysigings goedkeur, terugverwys vir heroorweging deur die lede wat aldus aansoek gedoen het, of afkeur.

4B.5 ‘n VRA-Streek se jaarlikse of tussentydse begroting word van tyd tot tyd, soos benodig, deur die VRA Bestuur oorweeg.

4B.6 Die VRA Bestuur kan enige jaarlikse of tussentydse begroting van 'n VRA-Streek met of sonder wysigings goedgekeur, terugverwys vir heroorweging deur die VRA-Streek, of afkeur.

5. JAARVERGADERING

5.1 ‘n Jaarlikse algemene ledevergadering, bekend as die Jaarvergadering geskied voor die einde van November van elke jaar.

5.2 Die Bestuur moet 21 (een-en-twintig) dae voor die plaasvind van die jaarvergadering ‘n skriftelike kennisgewing aan elke lid stuur met vermelding van die tyd en plek waar die jaarvergadering sal plaasvind.

5.3 Die jaarvergadering van die VRA is die hoogste besluitnemingsliggaam van die VRA en

5.3.1 Bepaal die breë beleid van die VRA;

5.3.2 Lê riglyne neer waarbinne die Bestuur moet optree; en

5.3.3 Verkies, behoudens die tersaaklike bepalings van die Grondwet oor die Bestuur, die Bestuur vir die volgende jaartermyn;

5.4 Tydens die jaarvergadering doen die Bestuur behoorlike skriftelike verslag oor die aktiwiteite van die VRA en oor die finansiële stand van die VRA.

5.5 Alle opbetaalde lede van die VRA het sittingsreg en stemreg op die jaarvergadering of 'n spesiale vergadering met dien verstande dat 'n prokureursfirma of 'n ingelyfde regsmaatskappy 'n maksimum van twee stemme sal hê indien sodanige firma twee of meer vennote of direkteure het. Indien sodanige firma 'n eenmansaak is of slegs een direkteur het, sal dit slegs een stem hê.

6. SPESIALE VERGADERING

'n Spesiale vergadering moet binne een maand deur die Bestuur vir 'n geskikte tyd en plek belê word indien –

6.1 'n Skriftelike versoek te dien effekte deur een derde van die opbetaalde lede by die Bestuur ingedien is; en

6.2 Die rede vir die vergadering skriftelik uiteengesit word.

7. KWORUM

7.1 'n Kworum van 'n jaarvergadering of spesiale vergadering bestaan respektiewelik uit minstens twintig opbetaalde lede van die VRA.

7.2 Indien daar by die aanvang van die jaarvergadering, wat behoorlik kragtens hierdie Grondwet belê is, nie ‘n kworum teenwoordig is nie, word ‘n lid , wat behoorlike kennis gegee het by wyse van ‘n skriftelike verskoning, geag teenwoordig te wees by die vergadering vir kworum doeleindes.

8. BESTUUR

8.1 Die Bestuur bestaan uit nege lede bestaande uit ‘n voorsitter, ‘n ondervoorsitter, ‘n sekretaris, 'n tesourier en vyf addisionele lede.

8.2 ‘n Lid moet ten minste een jaar ‘n lid van die Vereniging wees om tot die Bestuur verkies te word.

8.3 Portefeuljes insluitende die van sekretaris en tesourier word so gou doenlik na die jaarvergadering, maar nie later as tydens die eerste bestuursvergadering, na oorleg in die Bestuur toegeken.

8.4 Vyf lede van die Bestuur vorm ‘n kworum vir bestuursvergaderings en minstens vyf lede moet teenwoordig bly ten einde ‘n behoorlike gekonstitueerde bestuursvergadering daar te stel.

8.5 Wanneer vakatures op die Bestuur ontstaan, kan die Bestuur die vakature vul deur ‘n paslike lid van die VRA op die Bestuur te benoem en, indien nodig, ‘n portefeulje toe te ken.

8.6 Die Bestuur het die bevoegdheid om na goeddunke enige verdere lede van die VRA vir die duur van die ampstermyn of vir ‘n korter tydperk op die Bestuur te koopteer.

8.7 Die Bestuur vergader minstens tweemaandeliks en die verrigtinge van die vergadering word behoorlik genotuleer.

8.8 Die Bestuur funksioneer sover moontlik op die grondslag van eenstemmigheid, maar neem besluite per hoofdelike stemming indien eenstemmigheid nie bereik kan word nie. In die geval van ‘n staking van stemme, oefen die voorsitter ‘n beslissende stem uit.

8.9 Die Bestuur onderneem alle optrede wat na goeddunke van die Bestuur noodsaaklik en doeltreffend is om binne die raamwerk van die algemene werkswyse van die VRA die doelstellings van die VRA te bevorder.

8.10 Die Bestuur kan enige organisatoriese of dergelike reëling tref, met die inbegrip van die stigting van subkomitees, om die doelstellings van die VRA ten beste te bevorder.

8.11 ‘n Lid van die VRA wat na die oordeel van die Bestuur die bevordering van die doelstellings en die belange van die VRA ernstig benadeel se lidmaatskap kan deur die Bestuur op grond van ‘n tweede derde meerderheidstem beëindig word. Daar moet met behoorlike opgaaf van redes oor sodanige beëindiging by die eersvolgende jaarvergadering hieroor verslag gedoen word. (kyk 3.3).

8.12 Vir die doelstelling van die behoorlike funksionering van die VRA moet die Bestuur ‘n bankrekening of bankrekenings

open en administreer en in die algemeen die geldelike aangeleenthede van die VRA na behore bestuur.

9. **WERKSWYSE**

9.1 Die VRA benut alle paslike weë binne die raamwerk van die reg ter bevordering van sy doelstellings.

9.2 Die VRA is verbind tot 'n demokratiese, opbouende en deursigtige openbare, eerbare handelswyse en bevorder die verwesenliking van sy doelstellings onder meer deur –

9.2.1 Gesprekvoering, onderhandeling, openbare standpunt inname, debat en waar nodig deur litigasie; en

9.2.2 Die vestig en uitbou van selfstandige strukture en fasiliteite.

9.3 Die VRA werf landswyd lede ten einde sorg te dra dat die doelstellings van die VRA oral bevorder kan word. Lede kan ook buite Suid-Afrika gewerf word. Lede van die VRA word aangemoedig om op individuele basis, waar nodig, in oorleg met die Bestuur die doelstellings van die VRA te bevorder waar ook al die geleentheid en die noodsaak daarvoor opduik.

9.4 Die Bestuur kan ook informeel op 'n streeks- of distriks- of dergelike grondslag die VRA organiseer.

10. **EREPRESIDENT**

Die Bestuur kan ‘n juris van uitstaande statuur en met ‘n bewese daadwerklike verbintenis tot Afrikaans as regstaal by die jaarvergadering aanbeveel om as erepresident benoem te word.

11. **REGSPERSOONLIKHEID**

11.1 Die VRA, soos verteenwoordig deur die Bestuur, is ‘n regspersoon en mag enige regshandelinge binne die bevoegdheid van ‘n regspersoon vervul;

11.2 Geen lid het enige eis teen die VRA vir enige skade wat hy of sy mag ly weens ‘n handeling of versuim aan die kant van die VRA, of van die Bestuur nie.

12. **VRYWARING**

Die lede van die Bestuur of enige subkomitee, substruktuur, persone in diens van die VRA of gekontrakteerdes van die VRA word gevrywaar teen alle verliese gely of onkoste deur hulle aangegaan in die uitvoerig van hul pligte, behalwe waar sodanige verliese gely is of onkoste aangegaan is as gevolg van hul eie onderskeidelike opsetlike, gebrek aan of nalatige optrede of pligsversuim. ‘n Eis sal egter slegs kan slaag, indien vooraf skriftelike toestemming deur die Bestuur daartoe verleen is.

13. **DIE WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

Wysigings van die Grondwet is onderhewig aan die goedkeuring van minstens twee derdes van die teenwoordige lede tydens 'n behoorlike gekonstitueerde jaar- of spesiale vergadering.

14. **ONTBINDING**

14.1 Die ontbinding van die VRA is onderhewig aan die goedkeuring van ten minste twee derdes van die teenwoordige lede tydens 'n behoorlike gekonstitueerde spesiale vergadering.

14.2 Die fondse van die VRA moet na ontbinding of likwidasie of by die terugtrekking van die belastingvrystelling kragtens artikel 10(1)(d)(iv)(bb) van die Inkomstebelastingwet, No 58 van 1962, na betaling van alle verpligtinge van die VRA, aan 'n organisasie met soortgelyke doelstellings wat kragtens artikel 10(1)(d)(iii) of (iv) van die Inkomstebelastingwet goedgekeur is, oorgedra word.

15. **DOMISILIE**

Die domicilium citandi et executandi van die VRA onder meer vir die doel van die bestelling van enige kennisgewing is:

Cobhamlaan 1213, Queenswood, 1213

Die posadres van die VRA is: Posbus 11090, Queenswood, 0121

==========